# Aan die ouers/voog

Heilige Gees Reeks
Sondag 17 Mei
Ouderdom 4-12
Les 2: Hy gee ons Super-kragte!

Hoekom hierdie reeks?

Aan die einde van hierdie reeks sal ons wil hê dat elke kind moet verstaan dat Jesus opgevaar het hemel toe, maar dat Hy Sy Gees, die Heilige Gees, gestuur het vir ons om ons te help om Jesus se werk te doen hier op aarde. Ook dat elke kind gevul sal wees met die Heilige Gees.

Voorgestelde program:

1. Grootmens verduidelik waaroor vandag gaan en vra in gebed saam kinders vir God om duidelik met elke kind te praat. Ons vertrou saam dat dit hul lewe gaan verander. Jul kan hul ook uitvra waaroor laas week gegaan het.

2. Gebruik die “links” om na die aanbidding liedjies te gaan. Ons verduidelik ALTYD aan kids HOEKOM ons die Here aanbid. Ons gesels daaroor: want Hy is goed! Hy is ons Koning daarom lig ons ons hande op of buig neer. Kyk net sy pragtige Skepping buite. Ons sê ook DANKIE dat ons

Hom mag ken en dat ons so ongelooflik bevoorreg is. (Tip: doen die aanbidding SAAM jou kinders, leer hulle hoe deur jou voorbeeld).

3. Kry julle Bybel reg. Sit dan almal saam en kyk die video saam as gesin as moontlik. “Pause” video waar nodig en beantwoord vrae. Na afloop van die video, kan jul aangaan met die bedienings tyd as julle sou wou. Gebruik hierdie geleentheid om elke kind te salf en vir hul te bid, en moenie vergeet dat hul vir julle ook moet salf nie! Fasiliteer dit.

4. Doen saam die kinders

die craft soos uiteen gesit as moontlik.

Ons wil julle herinner dat hierdie soveel meer impak kan hê as julle SAAM kids sit en kyk. Jy sal verbaas wees oor hoe die Heilige Gees jou ook sal bedien.

Sien julle volgende week!

Liefde
Shofar Kids Lockdown team
❤️